

Openbaring 11

Bybelstudie 9

1

176: Hierdie famililid van Saul het sy bevel verontagsaam om nie tot die aand toe te eet nie gedurende 'n oorlog?

Vader	Broer	Seun	Oom
-------	-------	------	-----

177: Sy moes aan Salomo vra dat Adonia met Abisag mag trou

Haggit	Mikal	Merab	Batseba
--------	-------	-------	---------

178: In watter boek lees ons: "Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het"?

1 Johannes	Hebreërs	Jakobus	Judas
------------	----------	---------	-------

179: Wie was die profeet Sagaria se vader?

Iddo	Amittai	Berekja	Pasgur
------	---------	---------	--------

180: Watter dorp het nie soldate gestuur om Benjamin te straf nie?

Kades Barnea	Lus	Silo	Jabes Gilead
--------------	-----	------	--------------

181: In Openbaring: watter deel van die see het bloed geword toe die tweede engel op die trompet geblaas het?

1/5	1/4	1/3	1/2
-----	-----	-----	-----

182: Toe die Israeliete Egipte verlaat het, was dit vanaf hierdie dorp.

Rameses	Sukkot	Sinai	Piton
---------	--------	-------	-------

2

176: Hierdie famililid van Saul het sy bevel verontagsaam om nie tot die aand toe te eet nie gedurende 'n oorlog?			
Vader	Broer	C: 1 Samuel 14:27	Oom
177: Sy moes aan Salomo vra dat Adonia met Abisag mag trou			
Haggit	Mikal	Merab	D: 1 Konings 2:13
178: In watter boek lees ons: "Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het"?			
A: 1 Johannes 4:19	Hebreërs	Jakobus	Judas
179: Wie was die profeet Sagaria se vader?			
Iddo	Amittai	C: Sagaria 1:1	Pasgur
180: Watter dorp het nie soldate gestuur om Benjamin te straf nie?			
Kades Barnea	Lus	Silo	D: Rigters 21:10
181: In Openbaring: watter deel van die see het bloed geword toe die tweede engel op die trompet geblaas het?			
1/5	1/4	C: Openbaring 8:8	1/2
182: Toe die Israeliete Egipte verlaat het, was dit vanaf hierdie dorp.			
A: Numeri 33:3	Sukkot	Sinai	Piton

3

1. Waarom moet Johannes die tempel meet?

As mens meet bepaal jy die waarde.

- Daar is 'n maatstaf (wat is die standaard);
- Voldoen jy aan die standaard?

Hier word gesê dat daar weet gepreek moet word:

- Daar is uitverkorenes wat nog nie die evangelie gehoor het nie
- Alle mense moet die evangelie hoor. Hulle moet dan reageer – al is dit om die evangelie te verwerp!

Hierdie is nie die enigste plek waar die tempel gemeet is nie!

- Esegiël 40
- Sagaria 2

Opmerking: In nie een van die drie gevalle was daar 'n fisiese tempel nie!

4

2. Wie is die heidene wat na die voorhof kom? Hoekom mag Johannes nie 'n deel van die tempel meet nie?

Heidene = ongelowiges.

Die Bybel onderskei 2 tipes ongelowiges:

- Mense wat God nie (wil) ken nie;
- Kerkmense wat die geloof verlaat

Let op: Hulle vertrap die voorhof. Hoekom "vertrap"?

Goeie nie waardeer / respekteer

Mense in die kerk wat nie waarde heg aan en die genade van God waardeer nie

5



6

3. Wat beteken die tydsaanduiding in vers 3?

42 maande = $3\frac{1}{2}$ jaar = $\frac{1}{2}$ van 7 jaar.

Dus: die helfte van die God se tyd.

Ook: 1260 dae.

PASOP!!!! Moenie dit verwarring / saamlees met Daniël nie, soos die SDA!

(Om hulle sommetjies te laat klop oor 1844 as die datum van hulle organisasie, het hulle 'n dag 1000 jaar gemaak. Hulle kies die Gregoriaanse kalender. Waarom nie Julianne kalender nie? Joodse kalender?)

7

4. Wie is die twee getuies?

Ons lees van die 2 getuies en ook die olyfbome wat tussen die kandelaars is.
Hulle verdedig hulself aanvanklik.

Let op: rouklere? Waaroor rou? Konteks: nie-bekeer van die mense.

Sagaria [4] Parallel = dieselfde simbole.

- Lig = Psalm 119:105
- Salwing – afgesonder om in God se diens te staan

Is dit sakramente?

- Doop – aanvaar / verwerp genade in Christus
- Pasga / Nagmaal – volkome troos / eet en drink oordeel

8

5. Watter magte het die twee getuies?

Opdrag:

- Preek!
- Verdedig julleself!
- Kan hemel sluit.
- Mag oor natuur!

6. Wie gaan hulle doodmaak?

Dier uit die aarde – Openbaring 13:11. Valse profeet.

Besef: hulle preek, en die een wat namens Satan preek maak hulle dood.

9

7. Waarom word hulle doodgemaak?

Getuienis –Woord van God – is gelewer. Taak afgehandel.

Let op:

- Hulle word nie begrawe nie.
- Hulle lyke word gekoppel aan Jesus se dood.
- Volke, stamme, nasies en tale (kerk) weier begrafnis.

Let op:

- Hulle word profete genoem – dus: so sê die Here, HERE.
- Hulle boodskap het die ongelowiges aangespreek – daarom is hulle dood 'n bron van vreugde.

10

8. Waarom word hulle opgewek?

God se wil (11).

9. Wat is die gevolg van hulle opwekking?

Vrees: ongelowiges. Het vreugde, geskenke gehad – vreugde word angs

Terug na God

Aardbewing en dood van tiende (7000 = volle getal).

11

10. Wat is die reaksie in die hemel op die blaas van die sewende trompet/basuin?

Lofprysing aan God

24 Ouderlinge (Kerk Ou en Nuwe Testamente): Dankgebed

11. Wat is die reaksie op die aarde op die blaas van die sewende trompet/basuin?

Nasies woedend

12

12. Wat is die loon wat die gelowiges ontvang?


Die dooies word geoordeel: Skeiding wie glo en nie geglo het nie.

- Die loon wat Christus gee, is die lewe;
- Die loon van die sonde is die (ewige) dood

Die verwydering van die ongelowiges uit die leefwêreld van die uitverkorenes

13

13. Wat is die betekenis van die verbondsark in die Ou Testament en hoekom word dit nou sigbaar?



Ark is die troon van God

In die Ark:

- Manna: aardse voedsel
- Staf van Aäron: Hoëpriester – Kerk Versoening
- Kliptafels: Verbond. is die troon van God

14

14. Wat is die boodskap van hierdie gedeelte vir ons?

As die eindoordeel aanbreek is daar duidelik twee teeoorgestelde reaksies:

- Die gelowiges is biddend dankbaar.
- Die ongelowiges is woedend, moordlustig

Vir die uitverkorenes is die hemel oop desondanks wat op die aarde gebeur.